

AGRA=S VISION AND MISSION STATEMENT

VISION

AGRA STRIVES TO BE THE MOST EFFECTIVE AND DYNAMIC AGRICULTURAL BUSINESS ORGANISATION IN NAMIBIA. WE ADD VALUE FOR ALL OUR STAKEHOLDERS BY PROVIDING

- **SUPERIOR SERVICE,**
- **A UNIQUE AND EXTENSIVE RANGE OF PRODUCTS AND**
- **A COUNTRYWIDE DISTRIBUTION NETWORK**

MISSION

TO CREATE WEALTH FOR OUR MEMBERS

AGRA SE VISIE EN MISSIE

VISIE

AGRA STREWE DAARNA OM DIE MEES EFFEKTIEWE EN DINAMIESE LANDBOUBESIGHEID IN NAMIBIË TE WEES. ONS VOEG WAARDE TOE VIR AL ONS BELANGEHOERS DEUR DIE VOLGENDE TE LEWER

- **UITSTAANDE DIENS,**
- **'N UNIEKE EN UITGEBREIDE REEKS PRODUKTE EN**
- **'N LANDSWYE VERSPREIDINGSNETWERK**

MISSIE

OM WELVAART VIR ONS LEDE TE SKEP

CONTENTS	Page	INHOUD	Bladsy
Supervisory Committee's report	1 – 2	Verslag van die Toesighoudende Komitee	1 – 2
Chairman's report	3 – 4	Verslag van die Voorsitter	3 – 4
Chief Executive Officer's report	5 – 18	Verslag van die Hoof Uitvoerende Beampte	5 – 18
Auditors' report	19	Ouditeursverslag	19
Directors' report	20 – 25	Direkteursverslag	20 – 25
Balance Sheets	26	Balansstate	26
Income Statements	27	Inkomstestate	27
Statements of changes in equity	28	State van verandering in ekwiteit	28
Cash Flow Statements	29 – 30	Kontantvloestate	29 – 30
Notes to the Annual Financial Statements	31 – 47	Aantekeninge tot die finansiële state	31 – 47

REPORT OF THE SUPERVISORY COMMITTEE

for the year ended 31 July 2002

The three members of the SC have remained unchanged. It is the directors' opinion that members who are nominated for the SC should preferably have had previous experience as a director. Although this might be difficult in the short-term, it still remains meaningful.

The review of the past year was performed according to Agra's objectives and vision. Did we provide *excellent service*? Although this issue remains high on the agenda and receives continuous attention, we are sure that the members will be negative regarding this on many levels and places. By the same token it will probably be said that the *unique and extensive range of products* was not always available. The fact that the *countrywide distribution network* remains, is in itself an achievement, which is often taken for granted by members.

When we look at our mission (*To create wealth for our members*), it is always good to take a step back and to look at the whole picture. Of course we must take into account the economy of our country, of the world where we must compete, the business confidence (which leads to people wanting to expand and improve or just tread water without spending) as well as our climate. It is our opinion that we should be careful of our emotions; if it has rained and product prices are good, then we *feel* prosperous and could easily miss the red lights. In the same manner we should remain objective when an unstable world economy or political announcements have an influence on us.

The time, cost and energy which were spent during the year under review on information technology, should bear fruit in the future. Currently it was, however, very difficult and often frustrating for staff as well as members. It is expected that when this teething phase has past, there will be focus with huge success on the streamlining of Retail.

The separate dealings with livestock at branches and in regions appears to be the right decision, seen in the light of the financial results. We, however, want to warn against the spirit of "two businesses" or a "we-and-them" attitude, which will be to a disadvantage of the bigger Agra. Internal co-operation to achieve the goals is necessary!

Regarding staff it should first be noted that staff cost, in relation to turnover, is lower than a decade ago. In the second instance the staff turnover was bigger, with a clear tendency that work performance is managed more actively. Recruitment of more inexperienced staff results in bigger training needs. Knowledge of products is initially a problem which receives continuous attention. This increases the pressure on the existing experienced staff, for which they do not always receive the necessary recognition and appreciation.

VERSLAG VAN DIE TOESIGHOUDENDE KOMITEE

vir die jaar geëindig 31 Julie 2002

Die drie lede van die TK het onveranderd gebly. Die mening van die Direksie is dat lede wat vir die TK genomineer word, liefs ondervinding as direkteur moes opgedoen het. Hoewel dit dalk op die korttermyn moeilik gaan wees, is dit tog sinvol.

Die oorsig van die jaar wat verby is, word gedoen aan die hand van Agra se strewe en visie. Is daar voldoen aan die strewe van *uitstaande diens*? Hoewel dit deurlopend hoog op die agenda is en aandag kry, is ons redelik oortuig dat die lede hieroor op baie vlakke en plekke negatief sal wees. Net so sal daar waarskynlik ook gesê word dat die *unieke en uitgebreide reeks produkte* nie altyd beskikbaar was nie. Dat die *landswye verspreidingsnetwerk* steeds in stand bly, is op sigself 'n prestasie wat ongelukkig as vanselfsprekend aanvaar word.

Wanneer ons na die missie (*Om welvaart vir ons lede te skep*) kyk, is dit altyd goed om effe afstand te kry en na die geheel te kyk. Natuurlik moet die ekonomie van ons eie land, van die wêreld waarin ons moet meeding, die sakevertroue (wat maak dat mense wil uitbrei en verbeter of net watertrap sonder om te spandeer) asook klimaatsomstandighede in aanmerking geneem word. Volgens ons oordeel moet ons versigtig wees vir emosie; as dit goed gereën het en produktepryse is goed, dan *voel* ons welvarend en kan ons maklik rooiligte miskyk. Net so moet ons ook objektief bly wanneer 'n onstabiele wêreld-ekonomie of politieke uitsprake ons beïnvloed.

Die tyd, koste en energie wat gedurende die jaar onder oorsig aan inligtingstechnologie spandeer is, behoort in die toekoms goeie vrugte af te werp. Vir die huidige was dit egter moeilik en dikwels geweldig frustrerend vir personeel sowel as lede. Dit word verwag dat wanneer hierdie "tande-kry" fase verby is, daar met groot sukses gefokus sal kan word op die stroombelyning van Handel.

Die meer afsonderlike hantering van Lewende Hawe op takke en in streke blyk die regte besluit te wees, gesien in die lig van die finansiële resultate. Ons wil egter waarsku teen 'n gees van "twee besighede" of 'n "ons-en-hulle" houding wat vir die groter Agra nadelig kan wees. Interne samewerking ter wille van die doel, is nodig!

Ten opsigte van personeel moet eerstens daarop gewys word dat personeelkoste in verhouding tot omset laer is as 'n dekade gelede. In die tweede plek was personeelomset groter, met 'n duidelik tendens dat werksprestasie meer aktief bestuur word. Innames van meer onervare personeel veroorsaak groter opleidingsbehoefes. Produkkennis is veral 'n aanvanklike leemte waaraan deurlopend aandag gegee word. Dit plaas ekstra druk op die bestaande ervare personeel, waarvoor hulle dalk nie altyd die nodige erkenning en waardering kry nie.

REPORT OF THE SUPERVISORY COMMITTEE

for the year ended 31 July 2002

The Board of Directors is currently functioning well. There is considerable appreciation in the SC for the dedication of the directors, especially since it is a thankless task. The attempt from the directors to identify potential successors and to prepare them for the future is praiseworthy. The board of directors is too small and the responsibility too big; a director that does not do his part and makes no contribution, cannot be afforded. Members will have to express their opinion on the possibility that representation of regions may perhaps clash with availability and / or expertise.

The financial results for the year under review are very good and staff and management are heartily congratulated with that. Members should also be thanked for their contribution. The directors' decision to return the biggest part of the profit to members in relation to their turnover, for the second consecutive year, has most probably been taken against the background that it is the aim to improve members' involvement, as well as the fact that members accept their membership of Agra together with their responsibilities and advantages thereof.

Changes in accounting practices once again had an influence on Agra's financial statements, in respect of the values of our properties. Balance sheet ratios are affected by these changes. This is a new and more conservative way of reporting as was the case with the provision for medical contributions for pensioners two years ago.

The SC would like to thank the management and staff as well as the directors and members for their contributions to the welfare of Agra that was achieved during the past year. We are all looking forward to a new year with new challenges and opportunities.

J H NIEUWOUDT
VOORSITTER: TOESIGHOUDENDE KOMITEE
CHAIRMAN: SUPERVISORY COMMITTEE

VERSLAG VAN DIE TOESIGHOUDENDE KOMITEE

vir die jaar geëindig 31 Julie 2002

Die Direksie funksioneer tans nog goed. Daar is groot waardering in die TK vir die toewyding van direkteure, veral ook omdat dit maar 'n ondankbare werk is. Die poging uit die direksie om potensiële opvolgers te identifiseer en voor te berei vir die toekoms is prysenswaardig. Die direksie is te klein en die verantwoordelikheid te groot; 'n direkteur wat nie sy deel doen en geen bydrae lewer nie, kan nie bekostig word nie. Lede sal hul moet uitspreek oor 'n moontlikheid dat verteenwoordiging van streke dalk in botsing kan kom met beskikbaarheid en/of kundigheid.

Die finansiële resultate vir die jaar onder oorsig is baie goed en personeel en bestuur word van harte gelukgewens daarmee. Dank moet ook betuig word aan lede vir hul bydrae. Die direksie se besluit om vir die tweede agtereenvolgende jaar die grootste deel van die wins terug te gee aan lede in verhouding tot hul omset, is waarskynlik geneem teen die agtergrond dat dit 'n strewe is om ledebetrokkenheid te verbeter asook dat lede hul eienaarskap van Agra saam met die verantwoordelikhede en voordele daarvan sal aanvaar.

Veranderinge in rekeningkundige praktyk het vanjaar weereens 'n invloed op Agra se state, en wel ten opsigte van die waardes van ons eiendomme. Balansstaat-verhoudinge word deur hierdie verandering versteur. Hierdie is 'n nuwe en 'n konserwatiewe wyse van rapportering, soos met die voorsiening van mediese bydraes vir pensioenarisse twee jaar gelede.

Die TK wil graag die bestuur en personeel asook die direksie en lede bedank vir hulle bydraes tot die welvaart van Agra wat gedurende die afgelope jaar gelewer is. Ons sien almal uit na 'n nuwe jaar met nuwe uitdagings en geleenthede.

REPORT OF THE CHAIRMAN

for the year ended 31 July 2002

Agra has completed another year with a good profit, which in my opinion is an exceptional achievement in the current circumstances. Profit alone is, however, not any longer the only criteria for achievements and Agra also performed its function as carrier of social responsibility to the community. Many contributions were made during the year under review by means of sponsorships, information sessions, involvement with agriculture and social events as well as input on a high level where it was in the best interest of our members. In addition to this the influence and impact of our activities on the environment also came under the spotlight. Agra will therefore in future also have to focus in a responsible manner on this.

Agra will however always be judged by the members according to what is happening at the branches. Our service and availability of stock will therefore always remain a high priority.

The reports of both the Supervisory Committee and the Chief Executive Officer, but especially the latter, give a detailed overview of the facets and activities of our business and I concur with the findings.

I would like to assure you that Agra's management is in capable hands. Turnover as reflected in the annual report, does not happen on its own. The sustained responsible investing of money, time and energy in information technology, business systems and the recruiting and training of staff will eventually bear fruit. I am further convinced that our aim to perform even better, will eventually become the organisational culture. Congratulations and thank you very much to everybody who made a contribution to the success during the past year.

VERSLAG VAN DIE VOORSITTER

vir die jaar geëindig 31 Julie 2002

Agra het nog 'n jaar afgesluit met 'n goeie wins, wat myns insiens 'n besondere prestasie in die huidige omstandighede is. Wins alleen is egter nie meer die enigste maatstaf vir prestasie nie en het Agra ook presteer as draer van 'n sosiale verantwoordelikheid in die gemeenskap. Vele bydraes is in die jaar onder oorsig gelewer by wyse van borgskappe, voorligtingsaksies, betrokkenheid by landbou en sosiale geleenthede en insette op hoë vlak waar dit vir ons lede van belang is. Bykomend hiertoe kom die invloed en impak van ons optrede op die omgewing ook meer onder die soeklig. Agra sal dus in die toekoms met groot verantwoordelikheid ook meer hierop moet fokus.

Agra sal egter altyd deur die lid beoordeel word op grond van dit wat by die takke gebeur. Ons diens en beskikbaarheid van voorraad sal dus voortdurend 'n hoë prioriteit moet wees.

Die verslae van beide die Toesighoudende Komitee en die Hoof Uitvoerende Beampte, maar veral laasgenoemde, gee 'n gedetailleerde oorsig oor alle fasette en werksaamhede van ons besigheid en wil ek daarmee volstaan.

Ek wil u verseker dat Agra se bestuur in bekwame hande is. Omsette soos in die jaarverslag weerspieël, kom nie vanself nie. Die volgehoue verantwoordelike investering van geld, tyd en energie in inligtingstechnologie, besigheidstelsels en die werwing en opleiding van personeel, sal beslis mettertyd nog meer vrug oplewer. Ek is verder oortuig dat ons strewe om beter en beter te presteer, mettertyd ons kultuur sal word. Baie geluk en baie dankie aan elkeen wat 'n bydrae gelewer het tot die sukses in die afgelope jaar.

REPORT OF THE CHAIRMAN

for the year ended 31 July 2002

The business environment is continuously changing and Agra will have to continually adjust to make your organisation more relevant and stronger. It is necessary to enable our organisation to play a bigger role in the future for the benefit of all stakeholders.

At Board level we are considering ways and means to involve more specific expertise, whilst at business level we are looking at the critical evaluation of all our current businesses as well as other future business possibilities and strategic alliances.

Lastly during the forthcoming year we will develop a code of ethics to determine what is acceptable and unacceptable behaviour in our organisation. All stakeholders from members to directors are then in a position to enhance the name and reputation of Agra. We will most probably have to try and find a balance between ambitious ideals and plans which are practically implementable.

**JW CHAPMAN
CHAIRMAN
VOORSITTER**

VERSLAG VAN DIE VOORSITTER

vir die jaar geëindig 31 Julie 2002

Die groter sake-omgewing is voortdurend aan die verander en moet Agra voortdurend ook aanpassings maak om tred te hou en u organisasie meer relevant en sterker te maak. Dit is nodig sodat ons organisasie vir al die belanghebbendes in die toekoms 'n groter rol kan speel.

Op Direksievlak kyk ons na maniere om meer spesifieke kundigheid te betrek, terwyl op besigheidsvlak na die kritiese evaluering van al ons bestaande besigheid asook na toekomstige besigheidsmoontlikhede en strategiese bondgenootskappe gekyk word.

Laastens sal ons DV ook in die komende jaar kyk na 'n etiese kode vir Agra en sodoende bepaal wat aanvaarbare en onaanvaarbare gedrag vir ons organisasie is. Alle belanghebbendes - van lede tot direksie - sal dan saam kan bou aan die naam en reputasie van Agra. Hier sal ons waarskynlik moet poog om 'n balans te vind tussen hoë ideale en voornemens aan die een kant en dit wat prakties haalbaar is aan die ander kant.

REPORT OF THE CHIEF EXECUTIVE OFFICER

for the year ended 31 July 2002

VERSLAG VAN DIE HOOF UITVOERENDE BEAMPTE

vir die jaar geëindig 31 Julie 2002

OVERVIEW

The year under review was characterised by a relatively erratic rain season, higher livestock prices, a very competitive retail environment and increases in interest rates.

Internally, our staff had to cope with the implementation of a new computer system which entailed drastic changes in operational procedures. This will however, over time enable the co-operative to take more informed, accurate and timeous decisions.

Unemployment in our country still represents one of the biggest economic challenges to be overcome. There is a direct relationship between stock shortages, theft, bad debts and the rate of unemployment. During the year under review these losses have increased substantially.

As far as Agra's financial performance is concerned we are proud to report a net operating surplus of N\$5,9 million compared to N\$7,4 million last year. The comparative figure for the previous year included a once-off realisation of a N\$2 million investment in subsidiaries and non-recurring investment income of N\$0,6 million. When comparing N\$5,9 million in 2002 to a figure of N\$4,9 million in 2001 (after extraordinary items), the Co-operative increased its net income by 20% during the current financial year.

The operating surplus for the group amounts to N\$5,6 million compared to N\$7,4 million last year.

An analysis of AGRA's results are noted hereunder:

OORSIG

Die jaar onder oorsig was gekenmerk deur 'n relatiewe wisselvallige reënseisoen, hoër lewende hawe pryse, 'n baie kompeterende kleinhandel omgewing en stygings in rentekoerse.

Intern moes ons personeel byhou met die implementering van 'n rekenaarsstelsel wat drastiese veranderinge in operasionele prosedures te weeg gebring het. Dit sal egter oor tyd die koöperasie in staat stel om meer ingeligte, akkurate en tydige besluite te neem.

Werkloosheid in ons land is steeds een van die grootste ekonomiese uitdagings wat voorkom moet word. Daar is 'n direkte verhouding tussen voorraadtekorte, diefstal, slegte skuld en die werkloosheidsyfer. Gedurende die jaar onder oorsig het hierdie verliese wesenlik toegeneem.

Sover dit Agra se finansiële vertoning betref, is ons trots om 'n netto bedryfsurplus van N\$5,9 miljoen te rapporteer in vergelyking met die N\$7,4 miljoen van verlede jaar. Die vergelykende syfer vir die vorige jaar het 'n eenmalige realisasie van 'n N\$2 miljoen belegging in filiale en nie-herhalende beleggingsinkomste van N\$0,6 miljoen ingesluit. As die N\$ 5,9 miljoen van 2002 vergelyk word met 'n syfer van N\$4,9 miljoen van 2001 (na buitengewone items), het die koöperasie sy netto inkomste met 20% verhoog gedurende die huidige finansiële jaar.

Die bedryfsurplus vir die groep beloop N\$5,6 miljoen in vergelyking met N\$7,4 miljoen van verlede jaar.

Hieronder volg 'n ontleding van Agra se resultate:

REPORT OF THE CHIEF EXECUTIVE OFFICER

for the year ended 31 July 2002

1. LIVESTOCK

Gross value of livestock transactions for the year under review (excluding karakul pelts and wool) amounted to N\$437 million compared to N\$330 million in 2001. This represents an increase of 32%. Net turnover achieved in this category totalled N\$19,0 million compared to N\$14,7 in 2001, an increase of 29%. Growth in this division was achieved mostly through AGRA's Livestock Auction Business and the increase in the unit price of livestock during the year.

1.1 KARAKUL

Pelt quantities offered for sale at the two auctions in Copenhagen during December 2001 and June 2002 amounted to 112 652 which shows an increase of 7 % compared to the 105 496 skins sold during the year ending July 2001. Prices of pelts rose from an average of N\$184,94 in the previous financial period to N\$209,13 for the year under review, an increase of 13%.

The AGRA Pelt Centre was once again not in a position to break even and showed a loss of N\$90 000 (2001: N\$213 000). This is largely as a result of lower than expected turnover in both wool commission and pelt sorting fees received as well as an increase in administration costs.

We are convinced that this division will be profitable next year.

VERSLAG VAN DIE HOOF UITVOERENDE BEAMPTE

vir die jaar geëindig 31 Julie 2002

1. LEWENDE HAWE

Die bruto waarde van die lewende hawe transaksies vir die jaar onder oorsig (uitgesluit karakoelpelse en wol) het N\$437 miljoen beloop in vergelyking met die N\$330 miljoen in 2001. Dit verteenwoordig 'n toename van 32%. Netto omset behaal in hierdie kategorie het N\$19,0 miljoen beloop in vergelyking met N\$14,7 miljoen in 2001, 'n toename van 29%. Groei in hierdie afdeling was hoofsaaklik behaal deur AGRA se Lewende Hawe veilingsbesigheid en die toename in die eenheidsprys van lewende hawe gedurende die jaar.

1.1. KARAKOEL

Die hoeveelheid karakoelpelse te koop aangebied by die twee veilings in Copenhagen gedurende Desember 2001 en Junie 2002 beloop 'n totaal van 112 652 pelse wat 'n toename van 7% verteenwoordig in vergelyking met die 105 496 pelse verkoop gedurende die jaar geëindig Julie 2001. Pryse van pelse het toegeneem vanaf 'n gemiddelde van N\$184,94 in die vorige finansiële periode na N\$209,13 vir die jaar onder oorsig, 'n toename van 13%.

Die Agra pelssentrum was weereens nie in 'n posisie om gelyk te breek nie en het 'n verlies getoon van N\$90 000 (2001 : N\$213 000). Dit is hoofsaaklik as gevolg van laer as verwagte omset in beide wolkommissie en pelssorteringsfooie ontvang, sowel as 'n toename in administratiewe koste.

Ons is daarvan oortuig dat hierdie afdeling winsgewend sal raak in die nuwe finansiële jaar.

REPORT OF THE CHIEF EXECUTIVE OFFICER

for the year ended 31 July 2002

1.2 OVERALL LIVESTOCK DIVISION

As a result of the increased turnover, cost saving measures and stable margins that were obtained in this division, the Net result before Head Office overhead costs increased to N\$6,7 million (2001: N\$4,7 million). This represents an improvement of 43% on last year's result.

2. TRADE

Total Group Turnover amounted to N\$287 million for the current year compared to N\$249 million in 2001. This represents a growth of 15,3%.

2.1 RETAIL AGRA BRANCHES

Turnover increased by 17,6% compared to last year. This must be seen against the background of fierce competition in the Namibian Retail sector and a stagnating economy. Gross Margins were once again under pressure, especially in the Fuel Sales Department which contributes 17% to Agra's branch turnover.

We are therefore very pleased to report a surplus in the Retail Division before Head Office overhead costs of N\$7,0 million compared to N\$4,4 million in the year 2001. This represents an increase of 59%. This was achieved through effective resource utilisation, improved information technology, notwithstanding a dramatic rise in losses incurred as a result of theft and fraud.

VERSLAG VAN DIE HOOF UITVOERENDE BEAMPTE

vir die jaar geëindig 31 Julie 2002

1.2. ALGEHELE LEWENDE HAWE AFDELING

As gevolg van 'n styging in die omset, kostebesparingsmaatreëls en stabiele marges wat behaal is in hierdie afdeling, het die netto resultaat voor hoofkantoor oorhoofse koste toegeneem na N\$6,7 miljoen (2001 : N\$4,7 miljoen). Dit verteenwoordig 'n verbetering van 43% op verlede jaar se resultate.

2. HANDEL

Totale groepsomset het N\$287 miljoen beloop vir die huidige jaar in vergelyking met N\$249 miljoen in 2001. Dit verteenwoordig 'n groei van 15,3%.

2.1. AGRA KLEINHANDEL TAKKE

Omset het toegeneem met 17,6% in vergelyking met verlede jaar. Dit moet gesien word teen die agtergrond van strawwe kompetisie in die Namibiese kleinhandelsektor en 'n stagnerende ekonomie. Bruto marges was weereens onder druk, veral in die brandstofverkope-departement wat 17% bydra tot Agra se takomset.

Dit is daarom vir ons baie aangenaam om 'n surplus te rapporteer in die kleinhandelaafdeling van N\$7,0 miljoen voor hoofkantoor koste in vergelyking met N\$4,4 miljoen in die jaar 2001. Dit verteenwoordig 'n toename van 59%. Dit was behaal deur effektiewe hulpbronbenutting, verbeterde inligtingstegnologie, niestandaard 'n dramatiese toename in verliese gelyk as gevolg van diefstal en bedrog.

REPORT OF THE CHIEF EXECUTIVE OFFICER

for the year ended 31 July 2002

VERSLAG VAN DIE HOOF UITVOERENDE BEAMPTE

vir die jaar geëindig 31 Julie 2002

2.2 WHOLESALE

This division comprises the Agra Distribution Depot and (until February 2002) the Gas Filling Plant in Okahandja. Turnover remained stable at N\$33 million compared to last year, with the net operating surplus increasing by 28% to N\$1,35 million before Head Office costs

2.3 SAFARIDEN

Turnover increased by 5% compared to last year, and while results are still below expectations, we are confident that with a new management structure in place as from February 2002, this division will contribute positively towards Agra's overall performance in the year 2002/2003.

2.4 PROPERTIES

Rent received increased by 12,5% compared to last year to N\$9,2 million for the year under review.

Auas Valley Shopping Mall is receiving constant attention regarding the retention of current tenants as well as the placing of new tenants.

Specific marketing efforts are planned for the new financial year with special emphasis to increase people traffic throughout the mall. This division achieved an operating surplus before head office overhead costs of N\$2,2 million during the year under review.

2.2. GROOTHANDEL

Hierdie afdeling bestaan uit die Agra distribusiesentrum en (tot met Februarie 2002) die gasdepot in Okahandja. Omset het stabiel gebly op N\$33 miljoen in vergelyking met verlede jaar, met die netto surplus wat gestyg het met 28% tot N\$1,35 miljoen voor hoofkantoorkoste.

2.3. SAFARIDEN

Omset het toegeneem met 5% in vergelyking met verlede jaar, en terwyl resultate steeds nie aan verwagtinge voldoen nie, is ons vol vertroue dat met 'n nuwe bestuurstruktuur in plek vanaf Februarie 2002, sal hierdie afdeling positief bydra tot Agra se totale vertoning in die jaar 2002/2003.

2.4. EIENDOMME

Huur ontvang het toegeneem met 12,5% in vergelyking met verlede jaar tot N\$9,2 miljoen vir die jaar onder oorsig.

Auas Valley Winkelsentrum ontvang deurlopend aandag rakende die retensie van huidige huurders sowel as die plasing van nuwe huurders.

Spesifieke bemarkingsaksies word beplan vir die nuwe finansiële jaar met spesiale klem daarop om meer mense deur die sentrum te laat beweeg.

Hierdie afdeling het 'n bedryfsurplus van N\$2,2 miljoen behaal voor hoofkantoorkoste gedurende die jaar onder oorsig.

for the year ended 31 July 2002

vir die jaar geëindig 31 Julie 2002

3. SUBSIDIARIES AND OTHER INVESTMENTS

3.1 WIRE INDUSTRIES (PTY) LTD / STAR PLASTICS (PTY) LTD

During the year under review the restructuring process of placing both companies under one management team were concluded. The benefits following this process will be forthcoming during the next financial year, as current results already show a promising return to profitability for both companies.

3.2 OTHER INVESTMENTS

3.3.1 LUMLEY AGRA FARMERS INSURANCE BROKERS

This company in which Agra has a 50% shareholding performed well, increasing its turnover by 9% while management fees received by Agra remained virtually constant at N\$330 000 for the year.

3.3.2 CONSOLIDATED SUGAR INDUSTRIES

While this company experienced major competition in the market place it is still the biggest contributor to Agra's investment income although dividends received declined, compared to the previous financial year.

3.3.2 FARMERS MEAT MARKET HOLDING (FMMH)

During the year under review your co - operative took up an option to purchase 1 363 636 shares at N\$1,10 in FMMH.

3. FILIALE EN ANDER BELEGGINGS

3.1. WIRE INDUSTRIES (EDMS) BPK / STAR PLASTICS (EDMS) BPK

Gedurende die jaar onder oorsig is die herstrukturingsproses, wat behels het die bedryf van beide maatskappye deur een bestuurspan, voltooi. Die voordele wat sal voortspruit uit hierdie proses sal in die volgende finansiële jaar gesien word, veral omrede huidige resultate alreeds 'n belowende omswaai na winsgewendheid getoon het vir beide maatskappye.

3.2. ANDER BELEGGINGS

3.3.1 LUMLEY AGRA FARMERS INSURANCE BROKERS

Hierdie maatskappy, waarin Agra 'n 50% aandeelhouding het, het goed vertoon, met 'n toename in omset van 9% terwyl bestuursfooie ontvang deur Agra feitlik konstant gebly het op N\$330 000 vir die jaar.

3.3.2 CONSOLIDATED SUGAR INDUSTRIES

Terwyl hierdie maatskappy strawwe kompetisie beleef het in die mark, is dit steeds die grootste bydraer tot Agra se beleggingsinkomste, alhoewel dividende ontvang afgeneem het in vergelyking met die vorige finansiële jaar.

3.3.3 FARMERS MEAT MARKET HOLDING (FMMH)

Gedurende die jaar onder oorsig het die koöperasie 'n opsie geneem om 1 363 636 aandele in FMMH te koop teen N\$1,10. Hierdie aandele,

REPORT OF THE CHIEF EXECUTIVE OFFICER

for the year ended 31 July 2002

These shares representing 22% in FMMH were duly purchased in September 2002. Agra now holds an effective 15,0% in the company.

FMMH has performed satisfactorily for the year ended 30 June 2002 and prospects are promising that the results for the coming year will be substantially improved.

4. AGRA (CO-OPERATIVE) LIMITED – HEAD OFFICE

Total head office expenses increased by 15% overall compared to the year ending 31 July 2001.

The most notable increases in costs were as follows:

- Information Technology: As indicated in last year's report, Agra has embarked on the development and implementation of a totally new computer system which entailed the upgrading of most of our computer hardware and the installation of new software. This increased IT costs by 50% compared to the previous year and is in line with Agra's Information Technology Strategy.
- Marketing: In the ever increasing competitive environment in which Agra operates, more resources were allocated to the marketing function increasing the amounts spent from 0,04% of gross turnover in 2001 to 0,13% in 2002. In line with Agra's marketing strategy more focus will be placed on this department in the new financial year.

VERSLAG VAN DIE HOOF UITVOERENDE BEAMPTE

vir die jaar geëindig 31 Julie 2002

wat 22% in FMMH verteenwoordig, is dan ook gekoop in September 2002. Agra hou nou 'n effektiewe 15,0% in die maatskappy.

FMMH het bevredigend getoon vir die jaar wat geëindig het 30 Junie 2002 en vooruitsigte is belowend dat die resultate vir die komende jaar wesenlik sal verbeter.

4. AGRA (KOÖPERATIEF) BEPERK – HOOFKANTOOR

Totale hoofkantoorcostes het toegeneem met 13% in vergelyking met die jaar wat geëindig het op 31 Julie 2001.

Toenames in kostes wat uitgestaan het, was die volgende:

- Inligtingstegnologie: Soos aangedui in verlede jaar se verslag, het Agra begin met die ontwikkeling en implementering van 'n totale nuwe rekenaarstelsel, wat insluit die opgradering van die meeste van ons rekenaar hardware en die installering van nuwe sagteware. Dit het IT koste met 50% verhoog in vergelyking met die vorige jaar en is in ooreenstemming met Agra se inligtingstegnologiestrategie.
- Bemaking: In die steeds toenemende kompeterende omgewing waarin Agra werksaam is, is meer hulpbronne geallokeer na die bemakingsfunksie, wat die bedrae spandeer laat toeneem het van 0,04% van bruto omset in 2001 na 0,13% in 2002. In ooreenstemming met Agra se bemakingstrategie sal meer fokus op hierdie departement geplaas word in die nuwe finansiële jaar.

REPORT OF THE CHIEF EXECUTIVE OFFICER

for the year ended 31 July 2002

All other head office cost centres have increased in line with or below the inflation index.

5. FINANCIAL RESULTS

The Agra Group achieved a net surplus, before taxation and distribution to members, of N\$5,63 million (2001: N\$7,44 million) and the Co-operative a net surplus of N\$5,89 million (2001: N\$7,40 million). The Board of Directors has allocated an amount of N\$5,0 million to members for the year under review.

Gross Profits increased by 19% for the group and 22% for the Co-operative to N\$64 million and N\$58 million respectively.

Total expenses increased by 16% for the Group and 17% for the Co-operative.

Major Cost Categories performed as follows compared to the preceding years:

Other income:	Other income decreased by N\$1 827 144 for the Group and N\$2 146 275 for the Co-operative, mainly as a result of a profit on Sale of Investments of N\$1,8 million in 2001 when Agra's interest in Veekos Sentraal Limited and Veekos Limited were sold. In addition Interest Received in the Co-operative declined by N\$0,48 million due to the restructuring of Wire Industries (Pty) Ltd and Star Plastics (Pty) Ltd.
---------------	--

VERSLAG VAN DIE HOOF UITVOERENDE BEAMPTER

vir die jaar geëindig 31 Julie 2002

Alle ander hoofkantoor kostesentrums het toegeneem in ooreenstemming met of laer as die inflasie-indeks.

5. FINANSIËLE RESULTATE

Die Agra groep het 'n netto surplus, voor belasting en toedeling aan lede, van N\$5,63 miljoen (2001 : N\$7,44 miljoen) behaal en die Koöperasie 'n netto surplus van N\$ 5,89 miljoen (2001 : N\$7,40 miljoen). Die direksie het 'n bedrag van N\$5,0 miljoen toegedeel aan die lede vir die jaar onder oorsig.

Bruto winste het toegeneem met 19% vir die groep en 22% vir die Koöperasie na N\$64 miljoen en N\$58 miljoen onderskeidelik.

Totale uitgawes het toegeneem met 16% vir die groep en 17% vir die Koöperasie.

Die belangrikste kostekategorieë het as volg vertoon in vergelyking met die voorafgaande jare:

Ander inkomste:	Ander inkomste het afgeneem met N\$1 827 144 vir die groep en met N\$2 146 275 vir die Koöperasie, hoofsaaklik as gevolg van 'n wins wat gemaak is met die verkoop van beleggings van N\$1,8 miljoen in 2001 toe Agra se belang in Veekos Sentraal Beperk en Veekos Beperk verkoop is. Verder het rente ontvang in die Koöperasie afgeneem met N\$0,48 miljoen as gevolg van die herstrukturering van Wire Industries (Edms) Bpk en Star Plastics (Edms) Bpk.
-----------------	---

REPORT OF THE CHIEF EXECUTIVE OFFICER**for the year ended 31 July 2002****VERSLAG VAN DIE HOOF UITVOERENDE BEAMPTE****vir die jaar geëindig 31 Julie 2002**

Stock Costs:	As mentioned previously, the incidence of theft and stock losses has increased dramatically. Although we have implemented more controls and systems to minimise stock losses, it has become virtually impossible to contain this cost item to acceptable levels. Current stock shortages represents 0,94% of Total Turnover. Agra's target is 0,3% of Total Turnover.	Voorraadkoste:	Soos reeds vroeër genoem, het die voorkoms van diefstal en voorraadverliese dramaties toegeneem. Alhoewel ons meer kontroles en stelsels geïmplementeer het om voorraadverliese te minimaliseer, het dit feitlik onmoontlik geraak om hierdie koste-item tot aanvaarbare vlakke te beperk. Huidige voorraadtekorte verteenwoordig 0,94% van totale omset. Agra se teiken is 0,3% van totale omset.
Interest Paid:	This item increased by 63% for the Group and by 67% for the Co-operative as a result of higher working capital requirements, capital expenditure funded with outside capital and increases in the prime overdraft rate during the course of the year.	Rente betaal:	Hierdie item het toegeneem met 63% vir die groep en met 67% vir die Koöperasie, as gevolg van hoër bedryfskapitaalvereistes, kapitale spanderings wat befonds word met vreemde kapitaal en toenames in die prima oortrekkingskoers gedurende die loop van die jaar.
Depreciation:	In line with Agra's strategy to invest in effective and up-to-date information technology systems, depreciation increased by 21% for the Group and 31% for the Co-operative.	Waardevermindering:	In ooreenstemming met Agra se strategie om te belê in effektiewe en moderne inligtingstechnologiesstelsels, het waardevermindering toegeneem met 21% vir die groep en 31% vir die Koöperasie.
Staff Costs:	Salaries and wages increased by 9% for the group and by 12% for the Co-operative, while medical aid fund contributions increased by 32% for the Group and 30% for the Co-operative. Total staff costs increased by 11% for the Group and 14% for the	Personeelkoste:	Salarisse en lone het toegeneem met 9% vir die groep en met 12% vir die Koöperasie, terwyl mediese fondsbydraes toegeneem met 32% vir die groep en 30% vir die Koöperasie. Totale personeelkoste het toegeneem met 11% vir die

REPORT OF THE CHIEF EXECUTIVE OFFICER**for the year ended 31 July 2002****VERSLAG VAN DIE HOOF UITVOERENDE BEAMPTTE****vir die jaar geëindig 31 Julie 2002**

Co-operative. This figure includes an amount of N\$0,7 million on Agra's Affirmative Action Programme.

Balance Sheet Ratios:

Due to a change in Accounting Policy, Agra Properties have been re-valued during the current financial year. Under this policy all property in which the Co-operative is the tenant, has been restated at cost less depreciation, while all properties rented to outside tenants were re-valued at market value. As a result of the implementation of this much more conservative policy, Agra's total reserves were reduced by N\$16,1 million which had a material effect on Agra's Balance Sheet Ratios. The debt to equity ration currently stands at 55,2% (2001:66,9%) for the Group and at 55,12% (2001:71,53%) for the Co-operative. It is the intention of the Board and management of Agra to manage this ratio down to 40% over the next two years.

The Current Assets to Current Liabilities Ratio has improved slightly from 1,27:1 for the Co-operative in 2001 to 1,34:1 in 2002. Over the next five years this ratio should be improved to 2:1.

groep en 14% vir die Koöperasie. Hierdie syfer sluit in 'n bedrag van N\$0,7 miljoen ten opsigte van Agra se Regstellende Aksie Program.

Balansstaatverhoudings:

As gevolg van 'n verandering in Rekeningkundige Beleid, is Agra se eiendomme herwaardeer gedurende die finansiële jaar. In terme van hierdie beleid sal alle eiendomme waarin die Koöperasie 'n huurder is, herstateer word teen kosprys min waardevermindering, terwyl alle eiendomme wat uitverhuur word aan buitehuurders herwaardeer sal word teen markwaarde. As gevolg van die implementering van hierdie baie meer konserwatiewe beleid, het Agra se totale reserwes afgeneem met N\$16,1 miljoen wat 'n wesenlike effek gehad het op Agra se balansstaatverhoudings. Die skuld tot ekwiteitsverhouding is tans 55,2% (2001 : 66,9%) vir die groep en 55,12% (2001 : 71,53%) vir die Koöperasie. Die direksie en bestuur van Agra se voorneme is om hierdie verhouding afwaarts te bestuur tot 40% gedurende die volgende twee jaar.

Die bedryfsbates tot bedryfslaste verhouding het 'n geringe verbetering getoon vanaf 1,27:1 vir die Koöperasie in 2001 na 1,34:1 in 2002. Gedurende die volgende vyf jaar behoort hierdie verhouding te verbeter na 2:1.

6. TAXATION

The net surplus of the Group, after a N\$5 million distribution to members has been deducted, amounts to N\$0,63 million. The Board of Directors has decided to provide for deferred tax. A tax credit of N\$0,55 million for the Group resulted in the net surplus after taxation being adjusted to N\$1,2 million for the Group in 2002.

7. FUTURE OUTLOOK

There seems to be a definite tendency in the commercial farming community to keep new investments into farming infrastructure to a minimum.

As this market segment still comprises the biggest share of Agra's turnover, it will definitely have a negative impact on our results in the coming year.

The Retail Market in Namibia is becoming overtraded with competition increasing continuously which in turn puts pressure on Gross Profit Margins.

It is also a fact that with higher fuel prices and a general increase in the inflation rate the disposable income of consumers is declining.

Taking all of the above factors into account we forecast a difficult trading year with a lower net surplus than achieved during the current year.

6. BELASTING

Die netto surplus van die groep, na 'n N\$5 miljoen toedeling aan lede afgetrek is, beloop N\$0,63 miljoen. Die direksie het besluit om te voorsien vir uitgestelde belasting. 'n Belastingkrediet van N\$0,55 miljoen vir die groep het tot gevolg dat die netto surplus na belasting aangepas is na N\$1,2 miljoen vir die groep in 2002.

7. TOEKOMSTIGE VERWAGTINGE

Dit blyk dat daar 'n definitiewe tendens in die kommersiële boerderygemeenskap is om nuwe beleggings in boerdery infrastruktuur tot die minimum te beperk.

